

25 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 2:1-16

Fokusgedeelte: DL, 3/4:4

God se wet staan in elke mens se hart geskryf!

Hoe gebeur dit dat mense wat nie die Here ken nie tog ook 'n basiese begrip het van wat reg en verkeerd is? Hoe gebeur dit dat mense wat nie die Here ken nie tog ook in die oë van die wêreld "ordentlike mense" kan wees? Die mens se natuur is tog na die sondeval so verdorwe dat hy "onbekwaam (is) tot enigiets goeds wat salig sou kon maak" en "geneig tot die kwaad" is.

In vers 14-15 skryf Paulus: "Wanneer heidene, wat nie die wet het nie, tog vanself dinge doen wat die wet vereis is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle nie die wet nie. Die optrede van sulke mense bewys dat die eise van die wet in hulle harte geskrywe staan. Ook hulle gewetens getuig daarvan wanneer hulle in 'n innerlike tweestryd deur hulle gedagtes aangekla of vrygespreek word." Daarom bely ons dat daar na die sondeval "tog nog 'n bietjie van die lig van die natuur" in die mens oorgebly het. Ja, God het in elke mens se hart die eise van die wet geskryf en so 'n basiese begrip van reg en verkeerd ná die sondeval in die mens laat oorbly.

Dit is egter vir die mens "onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer". Hoewel elke mens deur die bietjie lig van die natuur wat na die sondeval in hom oorgebly het "n mate van kennis van God" het kan hy net weet dat "sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is" (Rom 1:20). Alle ongelowige mense weet dus genoeg van God, sodat daar vir hulle geen verontskuldiging is as hulle Hom nie dien nie, maar hulle weet te min van God om gered te kan word. Daarom moet ek ook vandag die evangelie van Jesus Christus tydig en ontydig uitdra!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~